
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# JUNIE EKSAMEN
# GRAAD 12

# 2026

# NASIENRIGLYNE

## EKONOMIE

## (VRAESTEL 2)

**23 bladsye**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

### 1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

1.1.1 B – Implisiete koste ✓✓

1.1.2 A – duopolie ✓✓

1.1.3 A – Produksiemoontlikheidskurwe ✓✓

1.1.4 A – Samesmelting ✓✓

1.1.5 B – Dit word oorverbruik in die vrye mark. ✓✓

1.1.6 C – Doeltreffende hulpbrontoewysing ✓✓

1.1.7 D – Totale inkomste minder is as totale koste ✓✓

1.1.8 B – minimum ✓✓ (8 x 2) (16)

### 1.2 PASITEMS

1.2.1 G – alle kopers en verkopers het toegang tot marktoestande, pryse en produkkwaliteit ✓

1.2.2 I – 'n maatstaf van onwilligheid van verbruikers om oor te skakel na 'n mededingende produk of diens ✓

1.2.3 B – goedere wat nie-uitsluitbaar en nie-mededingend is. ✓

1.2.4 H – die verhouding tussen die prys van 'n produk en die hoeveelheid wat verbruikers bereid is om te koop. ✓

1.2.5 C – die bykomende inkomste wat verdien word wanneer verkope met een eenheid toeneem ✓

1.2.6 A – magtig of verbied groot samesmeltings en oornames ✓

1.2.7 F – die mark produseer nie die optimale sosiale hoeveelheid nie. ✓

1.2.8 E – die verwydering van onnodige wette om markmislukkings te verminder ✓ (8)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.3 **GEE DIE TERM**

1.3.1 Nywerheid ✓

1.3.2 Lang termyn ✓

1.3.3 Kartel ✓

1.3.4 Monopolie ✓

1.3.5 Eksterne koste/negatiewe eksternaliteit ✓

1.3.6 Maksimum prys/Prys plafon ✓ (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**AFDELING B**

**Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.**

**VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE**

2.1 **KORTVRAE**

Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 **Noem enige TWEE markte wat saam 'n hibriede markstruktuur vorm.**

- Volmaakte mededinging/kompetisie / Volmaakte markte ✓
- Monopolie ✓ (2 x 1) (2)

2.1.2 **Hoe lei die onbeweeglikheid van arbeid tot ondoeltreffende hulpbrontoewysing in Suid-Afrika?**

- Geskoolde arbeid kan nie vrylik beweeg nie as gevolg van vervoer, behuising of sosiale beperkings en landelike gebiede kan arbeidstekorte hê; stedelike gebiede kan werkloosheid hê. Hulpbronne word onderbenut, wat produktiwiteit verminder. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

2.2 **DATARESPONS**

2.2.1 **Identifiseer die verhouding tussen die vraag- en marginale inkomste (MI)-kurwes in die monopolie-grafiek.**

- Die MI-kromme lê onder die vraag-kromme(GI) ✓
- Vraag is meer elasties as MI ✓ (1)

2.2.2 **Wat is die ewewigsposisie van die volmaaktemark in die grafiek hierbo?**

- Normale wins ✓ (1)

2.2.3 **Beskryf die term kortliks *gemiddelde totale koste (GTK).***

- Dit toon die koste van die produksie van elke individuele eenheid van produksie, tipies U-vormig as gevolg van skaalvoordele en skaalnadele. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.2.4 **Verduidelik waarom ondernemings onder volmaakte mededinging nie in staat is om ekonomiese wins op die lange duur te verdien nie.**

- In volmaakte mededinging dryf vrye toetrede en uitgang die prys af na P/GI = GK, wat langtermyn wins uitskakel en sodoende 'n normale wins maak. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

2.2.5 **Bereken die ekonomiese wins of verlies vir die monopolie grafiek hierbo. Toon alle berekeninge.**

- (TI – TK) ✓
- (60 x 80) ✓– (30 x 80 ✓)
- 4 800 – 2 400
- = R2 400 ✓(Ekonomiese wins)

OF

- (GI – GK) x H ✓
- (60 – 30) ✓ x 80 ✓
- 30 x 80
  = R2 400 ✓(Ekonomiese wins) ✓ (4)

2.3 **DATA RESPONS**

2.3.1 **Identifiseer die winsmaksimeringshoeveelheid in die tabel hierbo.**

- 3 ✓ (1)

2.3.2 **Wat is die vorm van die vraagkurwe van 'n volmaakte mark?**

- Horisontaal ✓ (1)

2.3.3 **Beskryf kortliks die term *homogene produkte.***

- Die produkte is identies en daar is geen verskille in styl, ontwerp en kwaliteit nie. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.3.4 **Verduidelik waarom firmas in 'n volmaakte mark prysnemers is.**

- Individuele ondernemings is te klein om die markprys te beïnvloed, omdat pryse in 'n volmaakte mededingende mark deur die kragte van vraag en aanbod bepaal word. Daarom is ondernemings prysnemers. ✓✓
- Die tipe produkte wat verkoop word, maak dat verbruikers nie omgee by watter verskaffer hulle koop nie, daarom moet ondernemings die markprys aanvaar. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.3.5 **Hoe sal die inligting oor winsmaksimerings in die tabel hierbo die boer se produksiebesluite op die lange duur beïnvloed.**

- Op die lange duur, as prys en inkomste onder GTK bly, sal die boer die mark verlaat om volgehoue verliese te vermy. ✓✓
- Verhoogde produksie voeg meer koste as inkomste by, daarom moet die boer nie verder as die winsmaksimerende produksie uitbrei nie. ✓✓
- Die boer kan besluit of hy die produksieskaal wil aanpas om doeltreffendheid te verbeter of nuwe tegnologie wil aanneem om koste te verlaag. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

2.4 **Onderskei tussen *natuurlike* en *kunsmatige* monopolieë.**

| Natuurlike monopolieë | Kunsmatige monopolieë |
|---|---|
| • Hoë ontwikkelingskoste verhoed dat ander die mark betree en daarom verskaf die regering die produk. ✓✓<br>• Regeringsondernemings, soos Eskom, kos miljarde rande om te onderhou en daarom is daar geen ander verskaffers nie. ✓✓<br>• Dikwels swaar gereguleer om misbruik te voorkom aangesien daar geen ander mededingers is nie. ✓✓ | • Die toetredingshindernisse is nie ekonomies van aard nie. ✓✓<br>• Patente en lisensies lei tot die ontstaan van monopolieë. Hierdie verleen uitsluitlike regte wat uitsluitlike regte verleen om 'n bepaalde produk te vervaardig. ✓✓<br>• 'n Farmaseutiese maatskappy kan dus die reg op 'n spesifieke middel wat dit ontwikkel het, patenteer. ✓✓ |

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
**(Ken 'n maksimum van 4 punte toe vir die blote lys van feite en voorbeelde)**
**(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir slegs voorbeelde)** (2 x 4) (8)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.5 **Ontleed die doeltreffendheid van die kostevoordeel-ontledings in die vermindering van markmislukkings.**

- Koste-voordeel-analise internaliseer eksternaliteite deur sosiale koste in te sluit, wat oorproduksie van skadelike goedere verminder. ✓✓
- Dit verbeter hulpbrontoedeling deur belegging te rig na projekte met die hoogste netto sosiale voordeel. ✓✓
- Dit ondersteun die voorsiening van openbare goedere en help om ondervoorsiening in die vrye mark reg te stel. ✓✓
- Dit verminder inligtingsgebreke deur beleidmakers van duideliker koste- en voordeeldata te voorsien. ✓✓
- Dit is moeilik om nie-mark effekte te waardeer, wat die akkuraatheid van die werklike sosiale welvaart kan verminder. ✓✓
- Die keuse van die diskontokoers kan resultate bevooroordeel teen langtermyn omgewingsprojekte. ✓✓
- Koste-voordeel-analise ignoreer inkomsteverdeling en bevoordeel projekte wat hoër-inkomste groepe help. ✓✓
- Dit evalueer die uitvoerbaarheid van verskillende projekte om te bepaal watter die beste belegging is om hulpbronne te prioritiseer en te bespaar. ✓✓
- Hulpbronne is skaars, daarom moet sosiale koste en voordele oorweeg word om maksimum doeltreffendheid te verseker. ✓✓
- Dit maak besluitneming meer objektief omdat dit kyk hoe die gemeenskap sal baat of ly voordat hulpbronne toegeken word. ✓✓

(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir die blote opsomming van feite)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir die blote lys van feite) (4 x 2) (8)
**[40]**

**VRAAG 3: MIKRO-EKONOMIE**

3.1 **KORTVRAE**

Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 **Noem enige TWEE tipes doeltreffendheid wat in 'n mark kan voorkom.**

- Toewysingsdoeltreffendheid ✓
- Produktiewe doeltreffendheid ✓/Tegniese doeltreffendheid ✓
- Pareto-doeltreffendheid ✓ (2 x 1) (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SA EXAM PAPERS

3.1.2 **Wat is die belangrikheid van toetredingshindernisse in monopolistiese markte?**

- Daar is geen toetredingshindernisse in 'n monopolistiese mark nie, aangesien ondernemings vrylik die mark kan betree en verlaat, maar besighede kan uitdagings ervaar soos produkdifferensiasie, die bou van handelsnaamherkenning en klante-lojaliteit. ✓✓
- In monopolistiese kompetisie is toetredingshindernisse baie laag, wat beteken nuwe ondernemings kan maklik tot die mark toetree met min wetlike beperkings en lae aanvangskoste. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

3.2 **DATA RESPONS**

3.2.1 **Identifiseer die tipe belastingstelsel wat in Suid-Afrika gebruik word uit die bostaande uittreksel.**

Progressiewe belastingstelsel ✓ (1)

3.2.2 **Noem die oorsaak van die markmislukking volgens die uittreksel hierbo.**

Onvolmaakte verdeling van inkomste en welvaart. ✓ (1)

3.2.3 **Beskryf kortliks die term *prysdiskriminasie*.**

- Vind plaas wanneer dieselfde goed teen verskillende pryse aan verskillende partye verkoop word. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

3.2.4 **Waarom is Suid-Afrika se hoë Gini-koëffisiënt problematies vir beleidsmakers.**

- 'n Hoë Gini-koëffisiënt kan ekonomiese groei vertraag omdat ongelyke inkomsteverdeling verbruikersbesteding verminder en deelname aan die ekonomie beperk. ✓✓
- Hoë inkomste-ongelykheid verhoog armoede omdat baie mense beperkte toegang het tot onderwys, gesondheidsorg, behuising en werk. ✓✓
- 'n Hoë Gini-koëffisiënt dui op ernstige ongelykheid en hoë vlakke van armoede, wat dit moeilik maak vir beleidmakers om inklusiewe ekonomiese ontwikkeling te bereik. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.2.5 **Hoe kan die Suid-Afrikaanse regering die negatiewe impak van inkomste-ongelykheid verminder?**

- Die regering kan progressiewe belasting bevorder wat belasting op hoë verdieners sal verhoog en die inkomste sal gebruik om onderwys en gesondheidsorg te finansier. ✓✓
- Belegging in onderwys en vaardigheidsopleiding om die armes toe te rus met bemarkbare vaardighede om werksgeleenthede te verbeter. ✓✓
- Ondersteun klein en mediumgrootte ondernemings (KMO's) deur befondsing en mentorskap te verskaf om benadeelde groepe te help om besighede te begin. ✓✓)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## 3.3 DATARESPONS

**3.3.1 Identifiseer die afsluitpuntsformule vanuit die dialoog hierbo.**

- GI = GVK ✓
- TI < VK ✓
- b ✓
- Die AR-kurwe raak die minimum punt van die GVK-kurwe. ✓ (1)

**3.3.2 Noem een hooftipekoste wat ’n onderneming in die korttermyn aangaan.**

- Vaste koste (VK) ✓
- Veranderlike koste (VK) ✓
- Totale koste (TK) ✓ (1)

**3.3.3 Beskryf kortliks die term *onvolmaakte mark.***

- Vind plaas wanneer enige van die voorwaardes van volmaakte mededinging nie bestaan nie. ✓✓ (2)

**3.3.4 Hoe kan tegnologiese verbeterings die onderneming se afsluitpunt beïnvloed.**

- Tegnologiese verbeterings verlaag 'n firma se kostes, verminder die sluitingspunt en maak produksie teen laer pryse moontlik. ✓✓
- Tegnologie kan veranderlike koste verlaag en die GVK-kromme afwaarts skuif. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

**3.3.5 Hoe vergelyk totale inkomste (TI) met totale koste (TK) by ’n firma se gelykbreekpunt?**

- Die gelykbreekpunt is die vlak van produksie waar 'n besigheid geen wins en geen verlies maak nie. ✓✓
- Op hierdie punt is Totale Inkomste (TI) gelyk aan Totale Koste (TK).
- Die firma se hulpbronne word doeltreffend gebruik, wat dit toelaat om sonder verlies operasioneel te bly. ✓✓
- Die onderneming verdien normale wins, wat die minimum opbrengs is wat nodig is om sy hulpbronne in hul huidige aanwending te behou. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2 x 2) (4)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.4 **Verduidelik kortliks die verskil tussen 'n *meriete-goedere* en *openbare goedere*. Gee een voorbeeld van elk.**

**Meriete-goedere**
- 'n Meriete-goed word onderverbruik en ondergeproduseer omdat verbruikers nie altyd die volle waarde daarvan besef nie. ✓✓
- Dit lewer positiewe eksternaliteite, wat beteken dat die samelewing meer baat as die individuele verbruiker. ✓✓
- Meriete-goedere kan deur die private of openbare sektor voorsien word, aangesien dit steeds mededingend en uitsluitbaar is. ✓✓
- Voorbeeld: Onderwys, wat individuele vaardighede verbeter en terselfdertyd tot 'n meer produktiewe ekonomie bydra. ✓
- Nog 'n voorbeeld: Gesondheidsorg, wat beide individuele en openbare gesondheid bevorder. ✓

**Openbare goedere**
- Openbare goedere word gewoonlik nie deur die privaatsektor voorsien nie, omdat ondernemings nie maklik gebruikers kan uitsluit of laat betaal nie. ✓✓
- Openbare goedere word meestal deur die regering befonds en voorsien omdat hulle nie-uitsluitbaar en nie-mededingend is. ✓✓
- Nie-uitsluitbaar: niemand kan verhoed word om dit te gebruik nie.
  Nie-mededingend: een persoon se gebruik verminder nie die hoeveelheid vir ander nie. ✓✓
- Voorbeelde: Straatbeligting, nasionale verdediging en vloedbeheer, wat almal in die hele gemeenskap bevoordeel bied sonder om die voordeel vir iemand anders te verminder. ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
**(Ken 'n maksimum van 4 punte toe vir die blote lys van feite en voorbeelde)**
**(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir slegs voorbeelde)** (2 x 4) (8)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.5 **Evalueer tot watter mate die Mededingingskommissie in Suid-Afrika suksesvol of onsuksesvol was in die uitvoering van sy mandaat.**

**Sukses**

- Die Mededingingskommissie is baie aktief in samesmeltingsbeheer, met talle samesmeltings wat aangemeld en dikwels met voorwaardes goedgekeur word. Dit dui op 'n stewige betrokkenheid by die regulering van markkonsolidasie. ✓✓
- Die Kommissie het beduidende administratiewe boetes opgelê vir kartelgedrag, wat wys dat dit doeltreffend teen ondernemings optree wat aan mededingingsbeperkende praktyke deelneem. ✓✓
- ie Mededingingstribunaal se gereelde gebruik van openbare-belang-voorwaardes in goedgekeurde samesmeltings toon dat transformasie, werksbeskerming en breër openbare-belang oorwegings steeds sterker geïntegreer word in samesmeltingsbeheer. ✓✓
- Oor die afgelope paar jaar het die Kommissie telekommunikasiemaatskappye ondersoek oor hoë datapryse in die land, en as gevolg daarvan het Vodacom en MTN aangekondig dat datapryse verlaag sal word.
- Dis-Chem is ondersoek vir hoë pryse van maskers tydens die Covid pandemie en is beboet en beveel om die pryse van maskers te verlaag.

**Mislukking**

- Die administratiewe boetes wat die Mededingingskommissie in onlangse jare opgelê het, was relatief laag in vergelyking met die omvang van die Suid-Afrikaanse ekonomie en die hoë industriële konsentrasie in baie sektore. ✓✓
- Die aantal verbode samesmeltings is baie klein; dit dui daarop dat die meeste samesmeltings goedgekeur word (met of sonder voorwaardes) eerder as om geblokkeer te word, wat kommer kan laat ontstaan oor hoe akkuraat die sifting van samesmeltings werklik is. ✓✓
- Die afname in die totale waarde van boetes mag daarop dui dat die Kommissie minder suksesvol is om groot boetes in mededingingsake te verkry. ✓✓
- Dit het nie daarin geslaag om sy doel te bereik om saam met die regering werk te skep nie, aangesien werkloosheid steeds toeneem en in 2026 meer as 30% is. ✓✓

Die tekort op die betalingsbalans hou aan om te groei, al is die doel van mededingingsbeleide om invoere te verminder. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

**(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir blote lys van feite)** (4 x 2) (8)

**[40]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE**

4.1 **KORTVRAE**

Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 **Noem enige TWEE doelwitte van die Mededingingswet.**

- Laer pryse ✓
- Doeltreffendheid van die ekonomie ✓
- Wyer verskeidenheid goedere en dienste teen laer pryse ✓
- Stimulering van ekonomiese groei ✓
- Aktiewe deelname van KMMO's ✓
- Verbetering van ekonomiese welstand ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2 x 1) (2)

4.1.2 **Hoe bevorder advertensies monopolistiese mededinging?**

- Advertering skep handelsmerklojaliteit en versterk die persepsie van uniekheid, selfs wanneer fisiese verskille gering is. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (1 x 2) (2)

4.2 **DATARESPONS**

4.2.1 **Identifiseer 'n voorbeeld van 'n negatiewe eksternaliteit uit die infografika hierbo.**

- Besoedeling ✓
- Geraas ✓
- Verkeers-opeenhoping ✓

(1)

4.2.2 **Noem die tipe regeringsmaatreël wat gebruik word om die produksie van goedere met maatskaplike voordele te verhoog.**

- Subsidies ✓

4.2.3 **Beskryf kortliks die term *eksterne voordele*.**

- Eksterne voordele ontstaan wanneer ’n derde party ’n voordeel ontvang uit ’n ekonomiese transaksie sonder om direk daaraan deel te neem. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

4.2.4 **Waarom word bewusmakingsveldtogte as ’n regeringsoplossing vir positiewe eksternaliteite gelys?**

- 'n Gebrek aan inligting veroorsaak die onderverbruik van voordelige goedere. ✓✓
- Bewusmakingsveldtogte lig burgers in oor langtermynvoordele, verhoog die vraag en verskuif die mark na die sosiale optimum. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

4.2.5 **Verduidelik hoe negatiewe eksternaliteite tot markmislukking lei deur na die kostes wat met hierdie eksternaliteite verband hou, te verwys.**

- Produsente ignoreer eksterne koste soos besoedeling of verkeersopeenhoping. ✓✓
- Die markprys word te laag, wat lei tot oormatige produksie en verbruik. ✓✓
- Totale sosiale koste oorskry private koste, wat ondoeltreffendheid veroorsaak. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2 x 2) (4)

4.3 **DATARESPONS**

4.3.1 **Noem EEN bedryf wat as 'n volmaakte mededingende mark beskou word.**

- Landbou ✓
- JSE ✓
- Buitelandse valutamarkte ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (1)

4.3.2 **Gee EEN voorbeeld van ’n homogene produk.**

- Mielies, koring, suiker of rou melk wat deur boere verkoop word. ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (1)

4.3.3 **Beskryf kortliks die term *prysnemer*.**

'n Prysnemer is een wat die heersende markprys moet aanvaar en elke eenheid teen dieselfde markprys moet verkoop. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

4.3.4 **Verduidelik hoe volmaakte mededinging tot doeltreffende hulpbron-toewysing in die ekonomie bydra.**

- Firmas produseer teen P = MK, wat beteken dat goedere geproduseer word in die hoeveelhede wat verbruikers die meeste verlang (toewysingsdoeltreffendheid). ✓✓
- Mededinging dwing firmas om hulpbronne doeltreffend te gebruik en te innoveer, wat die algehele hulpbrongebruik verbeter. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SA EXAM PAPERS

4.3.5 **Hoe kan volmaakte mededinging bydra tot ekonomiese groei in die landelike gebiede van Suid-Afrika.**

- In volmaakte mededinging verkoop produsente identiese produkte, wat pryse tot naby produksiekoste hou. Dit maak basiese goedere en dienste meer bekostigbaar vir landelike huishoudings. ✓✓
- Lae toetredingshindernisse maak dit vir klein sakeondernemings makliker om in landelike gebiede te begin, wat werksgeleenthede skep en inkomste bronne vir landelike gemeenskappe diversifiseer. ✓✓
- Groter produksie en handel in landelike gebiede skep 'n behoefte aan beter paaie, bergingsfasiliteite en elektrisiteitsvoorsiening, wat ontwikkeling bevorder sodat besighede meer mededingend kan wees. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2 x 2) (4)

4.4 **Verduidelik, met behulp van goed benoemde grafieke, hoe die vraagkurwe vir 'n individuele besigheid in 'n volmaakte mark afgelei word.** (4 x 2)




- Korrekte teken van die vraagkurwe van die industrie – 1
- Korrekte teken van die grafiek van die individuele produsent – 1
- Prysvorming soos aangewys in die nywerheid kurwe – 1
- Verband tussen markprys en die individu se prys – 1

Maks. 4

SA EXAM PAPERS
Proudly South African
GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**Verduideliking**

- In 'n volmaakte mark word die prys van goedere en dienste bepaal deur die interaksie van vraag en aanbod. ✓✓
- VV verwys na die vraagkurwe terwyl AA na die aanbodkurwe verwys. Waar DD en SS mekaar sny, word die markewewigspunt (e), ewewigsprys (P) en ewewigshoeveelheid (Q) geformuleer. ✓✓
- Dit is die markprys wat die individuele produsent sal aanneem omdat hulle prysnemers is. ✓✓
- Deur hierdie prys vanaf die nywerheidsgrafiek na die individuele besigheid uit te brei, dui dit duidelik aan dat die individuele besigheid 'n prysnemer is. ✓✓
- Die vraagkurwe vir ’n individuele onderneming is horisontaal; die prys word by punt E van die bedryf geneem. ✓✓
- Die vraagkurwe vir ’n individuele onderneming is perfek elasties by punt E, omdat ’n klein verandering in prys ’n groot verandering in die hoeveelheid gevra veroorsaak. ✓✓ Maks. 4

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)
**(Ken 'n maksimum van 4 punte toe vir die blote lys van feite en voorbeelde)**
**(Ken slegs 'n maksimum van 2 punte toe aan voorbeelde)** (2 x 4) (8)

4.5 **Hoe help die gebruik van aanlynhulpmiddels monopolisities-mededingende firmas om hul markaandeel te vergroot.**

- Firmas wat aanlynhulpmiddels gebruik, kan hul produkte meer prominent in soekresultate laat verskyn, wat kleiner mededingers se sigbaarheid verminder en meer kliënte lok. ✓✓
- Aanlyn soek- en ontledingshulpmiddels stel firmas in staat om pryse, promosies en die tydsberekening met die plasing van advertensies te verfyn, wat hul invloed op verbruikersvraag versterk. ✓✓
- Kleiner ondernemings sonder toegang tot soortgelyke tegnologie sukkel om vir aanlynsigbaarheid mee te ding, wat die groter firma in staat stel om ’n groter markdeel te verkry. ✓✓
- Deurlopende blootstelling deur aanlyn aanbevelings verhoog handelsmerkbewustheid en verbruikersvertroue, wat help om die firma se kliëntebasis uit te brei. ✓✓
- Namate meer verbruikers aanlyn soek-platforms gebruik, neem die waarde van die firma se aanlynteenwoordigheid toe, wat nóg gebruikers lok en die markoorheersing versterk. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
**(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir die blote lys van feite)** (4 x 2) (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**AFDELING C**

**Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.**

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br>Die inleiding is 'n laer-orde respons.<br>● 'n Goeie beginpunt sou wees om die hoofkonsep wat verband hou met die vraagonderwerp te definieer.<br>● MOENIE enige deel van die vraag in jou inleiding insluit NIE.<br>● MOENIE enige deel van die inleiding in die hoofteks herhaal NIE.<br>● Vermy om in die inleiding te noem wat jy in die hoofteks gaan bespreek. | Maks. 2 |
| **Liggaam**<br>**Hoof-deel:** Bespreek in detail/Deeglike bespreking/Ondersoek/Bespreek krities/Analiseer/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/Differensieer/Verduidelik/Teken 'n grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Assesseer/Debatteer<br>**'n Maksimum van 8 punte kan vir opskrifte/voorbeelde toegeken word.** | Maks. 26 |
| **Bykomende deel:** Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Debatteer/Lei af Vergelyk/Onderskei/Interpreteer/Hoe?/Stel voor<br>**'n Maksimum van 2 punte kan vir blote opsomming van feite toegeken word.** | Maks. 10 |
| **Gevolgtrekking**<br>Enige hoërorde gevolgtrekking moet die volgende insluit:<br>● 'n Kort opsomming van wat bespreek is sonder om reeds genoemde feite te herhaal<br>● Enige mening of waardeoordeel oor die feite wat bespreek is<br>● Bykomende ondersteuningsinligting om die bespreking/analise te versterk<br>● 'n Teenstrydige standpunt met motivering, indien nodig<br>● Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

SA EXAM PAPERS
Proudly South African



GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE**

- **Bespreek in detail die oligopoliemarkstruktuur.** (26 punte)
- **Evalueer die impak van aggressiewe advertering deur die dobbelbedryf op verbruiker.** (10 punte)

**INLEIDING**

'n Markstruktuur beskryf hoe kopers en verkopers in 'n mark georganiseer is en interaksie het/Verwys na die kenmerk van 'n mark wat die prestasie daarvan beïnvloed en die vlak van kompetisie. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante inleiding) **(Maks 2)**

**LIGGAAM: HOOFDEEL**

**EIENSKAPPE VAN OLIGOPOLIE**
**Aantal besighede** ✓
- Slegs 'n paar groot besighede oorheers die oligopoliemark, bv. die mobiele netwerkbedryf. ✓✓
- Daar is beperkte mededinging in 'n oligopolie-markstruktuur. ✓✓
- 'n Mark wat deur slegs twee besighede oorheers word, word 'n duopolie genoem. ✓✓

**Aard van die produk** ✓
- Wanneer die produk gedifferensieerd is, staan die mark bekend as 'n gedifferensieerde oligopolie. ✓✓
- Produkdifferensiasie is 'n strategie wat deur besighede gebruik word om hul produkte anders hul mededingers te maak in terme van kleur, grootte, kwaliteit en voorkoms, bv. selfoonbedryf. ✓✓
- Wanneer die produk homogeen is, word die mark as 'n suiwer oligopolie beskou, ✓✓ bv. brandstofbedryf. ✓

**Toegang** ✓
- Toegangshindernisse maak dit moeilik vir nuwe besighede om 'n oligopoliemark te betree. ✓✓
- Die toetredehindernisse sluit in skaalvoordele, hoë ontwikkelingskoste, lisensies en enorme kapitaalvereistes. ✓✓
- Toegangshindernisse laat oligopolie-ondernemings toe om op die lange duur ekonomiese wins te maak. ✓✓

**Inligting** ✓
- Nóg die produsent nóg die verbruiker het volle kennis van die huidige marktoestande. ✓✓
- Alhoewel oligopolie-ondernemings mekaar noukeurig dophou, is dit moeilik vir hulle om te weet hoe hul mededingers op hulle besluite en optrede sal reageer. ✓✓
- Dit is moeilik vir Vodacom om te weet hoe MTN, Telkom en Cell C sal reageer op hul promosiestrategieë soos nagskofte. ✓

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**Beheer oor die prys ✓**

- Oligopolie-ondernemings het oor die algemeen aansienlike beheer oor die prys van hulle produkte, hoewel dit minder as 'n monopolie is. ✓✓
- Oligopolieë verkry beheer oor die prys, veral wanneer hulle gesamentlike besluite neem, deur prysleierskap en kartelle. ✓✓

**Wedersydse afhanklikheid ✓**

- Daar is min besighede wat 'n spesifieke produk verkoop, elke besigheid is afhanklik van ander besighede se optrede. ✓✓
- Besluite deur een besigheid kan besluite van ander besighede beïnvloed. ✓✓
- 'n Oligopolie se besluite oor die verlaging of verhoging van die prys is meer kompleks as ander markte as gevolg van ander besighede se optrede en reaksies. ✓✓


**Vraagkurwe ✓**

- Oligopolie-ondernemings het 'n geknakte vraagkurwe as gevolg van wedersydse afhanklikheid. ✓✓
- 'n Geknakte vraagkromme is 'n vraagkromme met twee segmente, een wat elasties is en die ander een wat onelasties is. ✓✓

Die geknakte vraagkurwe is gebaseer op die volgende aannames:

- Wanneer een besigheid die prys verhoog, sal sy mededingers nie die beweging volg nie en kliënte sal hul aankope na ander besighede met laer pryse verskuif. ✓✓
- Die besigheid wat die prys verhoog het, sal baie kliënte verloor en die vraag sal elasties wees. ✓✓
- Wanneer een besigheid besluit om die prys te verlaag, sal ander besighede ook hul pryse verlaag. ✓✓
- Die besigheid wat die prys verlaag het, sal baie min klante kry en die vraag sal onelasties wees. ✓✓
- 'n Oligopolie-onderneming is geneig om 'n elastiese vraagkurwe te hê wanneer dit die prys verhoog en 'n onelastiese vraagkurwe wanneer dit die prys verlaag. ✓✓

**GEKNAKTE VRAAGKURWE**




**Puntetoekenning:**
- Korrekte benoeming van die asse = 1 punt
- Korrekte aanduiding van die knik = 1 punt
- Korrekte benoeming van vraagkurwe = 1 punt
- Korrekte benoeming op die asse (prys en hoeveelheid) = 1 punt

**4 Punte**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African
GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

- Bokant prys P is vraag elasties en onder prys P is vraag onelasties. ✓✓

'n Oligopolie sal altyd die prys op die kinkel hou, want daar is geen aansporing vir 'n oligopolie om die prys te verhoog of te verlaag nie. ✓✓

**Samespanning** ✓
- Samespanning is 'n ooreenkoms binne dieselfde bedryf om mededinging onder mekaar te verminder. ✓✓ bv. Prysvasstelling. ✓
- Formele samespanning is in die vorm van kartelle soos OPEC, wat ook bekend staan as eksplisiete of openlike samespanning. ✓✓
- Informele samespanning is in die vorm van prysleierskap wat ook bekend staan as implisiete of stilswyende samespanning. ✓✓

**Nie-pryskompetisie** ✓
- Oligopolieë probeer om prysmededinging te vermy, want prysverlagings kan lei tot vernietigende prysoorloë wat hul winste uitskakel. ✓✓
- Oligopolieë sal eerder van nie-prysmededingingsmetodes gebruik maak om hul kliëntebasis te vergroot. ✓✓
- Hulle maak gebruik van nie-prysmededinging, soos produkdifferensiasie, handelsmerke en advertensies, om kliënte te lok en hul markaandeel te vergroot. ✓✓

**Ekonomiese wins/verlies** ✓
- Oligopolistiese firmas kan ekonomiese wins maak op beide die kort- en langtermyn. ✓✓

**Produktiewe en toewysingsdoeltreffendheid** ✓
- Oligopolie-ondernemings bereik nie toewysingsdoeltreffendheid nie, want hulle produseer nie die optimale uitsette nie. ✓✓
- Oligopolieë bereik nie produktiewe doeltreffendheid nie, want hulle produseer nie teen die laagste moontlike gemiddelde koste nie. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) **(Maks. 26)**
**(Ken 'n maksimum van 8 punte toe vir opskrifte/sub-opskrifte/voorbeelde toe)**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**ADDISIONELE DEEL**

**Positiewe impakte:**

- Advertensies verhoog verbruikersbewustheid van beskikbare dobbelopsies en promosies. ✓✓
- Dit kan markmededinging verbeter deur firmas aan te moedig om beter kanse, bonusse of veiliger platforms aan te bied. ✓✓
- Gereguleerde advertensies kan boodskappe oor verantwoordelike dobbelary bevorder en spelers oor ondersteuningsdienste inlig. ✓✓
- Verhoogde advertensies kan ekonomiese aktiwiteit stimuleer, media-afsetpunte ondersteun en werksgeleenthede skep. ✓✓
- Ingeligte verbruikers kan keuses maak wat ooreenstem met hul voorkeure en risikotoleransie. ✓✓

**Negatiewe impakte:**

- Swaar advertensies normaliseer dobbelary en kan deelname onder kwesbare groepe verhoog. ✓✓
- Dit kan verbruikers mislei deur oordrewe bewerings oor wen, wat ingeligte besluitneming verminder. ✓✓
- Normaliseer die aangaan van weddenskappe en verhoog deelname onder kontant-arm studente wat NSFAS ontvang. ✓✓
- Advertering vererger waarskynlik verbruikerswelsyn vir kwesbare NSFAS-studente omdat dit blootstelling verhoog terwyl hul finansiële veiligheidsnet broos blyk te wees. ✓✓
- Oormatige blootstelling aan dobbel-advertensies kan lei tot verslawing, skuld en geestes-gesondheidsprobleme. ✓✓
- Verhoogde vraag na oorredende bemarking dra welvaart van verbruikers na firmas oor, wat welvaart verminder. ✓✓
- Die sosiale koste van probleem-dobbelary, soos gesinsverbrokkeling en gesondheidsorg-uitgawes, wees swaarder as die korttermynvoordele. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte hoë orde antwoord) **(Maks. 10)**
**(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir blote lys van feite/voorbeelde)**

**SLOT**

Oligopolie-ondernemings kan ekonomiese wins op beide die kort- en langtermyn behaal as gevolg van die markkrag waaroor wat hulle beskik/Oligopolieë produseer goedere en dienste teen 'n hoër koste en gebruik hulpbronne ondoeltreffend wat kan lei tot hoër pryse en vermorsing van hulpbronne in die ekonomie. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte hoërorde relevante slot.) **(Maks. 2)** **[40]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 6: MIKRO-EKONOMIE**

- **Bespreek staatsingryping as gevolg van markmislukkings in detail, sonder grafieke. (26 punte)**
- **Hoe kan die regering swartmark-aktiwiteite in die ekonomie suksesvol verminder? (10 punte)**

**INLEIDING**
Markmislukking vind plaas wanneer die markkragte van vraag en aanbod nie daarin slaag om hulpbronne doeltreffend toe te wys nie, wat staatsinmenging noodsaak. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante inleiding) **(Maks. 2)**

**LIGGAAM: HOOFDEEL**

**Direkte Beheer** ✓
- Die staat kan wette aanvaar of bestaande wetgewing toepas om die gedrag van besighede en individue wat negatiewe eksternaliteite veroorsaak, te beheer. ✓✓
- In Suid-Afrika word die vrystelling van skadelike stowwe, lug- en omgewingsbesoedeling deur verskeie wette en regulasies beheer. ✓✓
- Advertensies deur die tabakbedryf is verbied en alkohol mag nie aan persone onder die ouderdom van 18 verkoop word nie. ✓✓
- Hierdie ingryping toon hoe die regering as ’n onpartydige gesag optree ter beskerming van die samelewing se welstand. ✓✓

**Onvolmaakte markte** ✓
Die regering spreek onvolmaakte mededinging aan deur:
- Die formulering en implementering van ’n mededingingsbeleid om mededinging te bevorder. ✓✓
- Die toepassing van Mededingingswet om buitensporige pryse, skadelike samespanning en toetredingsbeperkings te voorkom. ✓✓
- Die uitreiking van lisensies aan meer firmas waar staatsmonopolieë bestaan. ✓✓
- Die instelling van prysbeheer om verbruikers te beskerm. ✓✓
- Dit verseker toegang tot ’n verskeidenheid van goedere en dienste teen laer pryse. ✓✓

**Minimumloon** ✓
- ’n Minimumloon is die laagste wetlik vasgestelde loon wat aan werknemers betaal mag word. ✓✓
- Suid-Afrika het ’n oormaat ongeskoolde arbeid en ’n tekort aan geskoolde arbeid. ✓✓
- Sonder staatsingryping sou lone vir ongeskoolde arbeid baie laag wees. ✓✓
- Die regering tree in deur ’n loon-vloer vas te stel. ✓✓
- Dit stel werknemers in staat om ’n basiese en waardige lewenstandaard te handhaaf. ✓✓

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**Maksimum pryse (Prysplafonne)** ✓
- Maksimum pryse is pryse wat onder die markprys vasgestel word om lae-inkomste-verbruikers te beskerm. ✓✓
- Baie Suid-Afrikaners leef onder die broodlyn met beperkte beskikbare inkomste. ✓✓
- Essensiële goedere en dienste is dikwels onbekostigbaar teen markpryse. ✓✓
- Die regering verlaag pryse om toegang en bekostigbaarheid te verbeter. ✓✓
- Voorbeelde sluit in munisipale behuisingshuur, paraffien en petrolpryse. ✓

**Minimum pryse (Prysvloer)** ✓
- Minimum pryse word bo die ewewigprys vasgestel om produsente te beskerm. ✓✓
- Dit verseker winsgewendheid en volgehoue produksie. ✓✓
- Landbou is noodsaaklik vir voedselveiligheid in Suid-Afrika. ✓
- Die staat tree in om landbouproduksie volhoubaar te hou. ✓✓
- Oorskotte kan voorkom en vereis staatsingryping. ✓✓
- Minimum pryse verhoog pryse kunsmatig om produsente in die mark te hou. ✓✓

**Heffing van belasting** ✓
- Die regering hef belastings om eksterne koste te verhaal. ✓✓
- Belastings verhoog pryse en verminder produksie en verbruik. ✓✓
- Die heffing van belasting beteken dat die produksie van demeriete goedere word ontmoedig en staatsinkomste verhoog. ✓✓
- Hulpbronne word so doeltreffender geallokeer. ✓✓

**Produsentesubsidies** ✓
- Subsidies moedig die produksie van spesifieke goedere aan. ✓✓
- Dit verhoog die aanbod van goedere soos melk, koring en mielies. ✓✓
- Produksiekoste daal en verbruik neem toe. ✓✓

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**Herverdeling van welvaart** ✓
- SA gebruik 'n progressiewe belastingstelsel wat inkomste herverdeel. ✓✓
- Gratis dienste en toelaes verminder ongelykheid. ✓✓
- Beleide soos BBBEE en grondhervorming bevorder billikheid. ✓✓

**Regeringsbetrokkenheid in produksie** ✓
- Subsidiëring van meriete goedere verhoog produksie. ✓✓
- Belastings op demeriete goedere verminder produksie. ✓✓
- Belastings finansier gemeenskapsgoedere. ✓✓
- Kollektiewe dienste word teen 'n gebruikersfooi voorsien word. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) **(Maks. 26)**
**(Ken 'n maksimum van 8 punte toe vir opskrifte/sub-opskrifte/voorbeelde.)**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**ADDISIONELE DEEL**

- Verbeterde grensbeheer verminder swartmark-aktiwiteite omdat minder gesmokkelde en nagemaakte goedere die land binnegaan, wat die aanbod van onwettige produkte beperk. ✓✓
- Die regering kan pryse reguleer of goedere subsidieer om die aansporing vir onwettige verkope te verminder, wat die winsmotief van die swart mark verlaag. ✓✓
- Openbare bewusmakingsveldtogte kan gebruik word om verbruikers in te lig oor die wetlike, finansiële en gesondheidsrisiko's van swartmark-goedere, wat die vraag verminder. ✓✓
- Sterker wetstoepassing verminder swartmark-aktiwiteite omdat meer onwettige handelaars opgespoor, gearresteer en vervolg word, wat die risiko en koste verhoog. ✓✓
- Eenvoudiger besigheidsregistrasie verminder swartmark-aktiwiteite omdat informele handelaars meer geneig is om wettig te werk wanneer prosedures makliker en goedkoper is. ✓✓
- Beter samewerking tussen staatsinstansies verminder swartmark-aktiwiteite omdat onwettige bedrywighede vinniger geïdentifiseer word en optrede meer doeltreffend is. ✓✓
- Strenger strawwe verminder swartmark-aktiwiteite omdat hoër boetes en swaarder strawwe mense en besighede ontmoedig om deel te neem. ✓✓
- Verbeterde digitale moniteringstelsels verminder swartmark-aktiwiteite omdat verdagte transaksies vinnig opgespoor word en dit moeiliker is om onwettige inkomste weg te steek. ✓✓
- Meer werksgeleenthede verminder swartmark-aktiwiteite omdat mense toegang kry tot wettige inkomste en minder afhanklik is van onwettige handel. ✓✓
- Sterker anti-korrupsie maatreëls verminder swartmark-aktiwiteite omdat korrupte amptenare minder in staat is om misdadigers te beskerm of onwettige aktiwiteite te help. ✓✓
- Verbeterde digitale moniteringstelsels verminder swartmark-aktiwiteite omdat verdagte transaksies vinnig opgespoor word en dit moeiliker is om onwettige inkomste weg te steek. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte hoë orde antwoord) **(Maks. 10)**
**(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir blote lys van feite/voorbeelde)**

**SLOT**
Staatsingryping behoort markmislukkings reg te stel terwyl doeltreffendheid en billikheid gehandhaaf word om volhoubare ekonomiese groei te verseker. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte hoër orde relevante slot) **(Maks. 2)** **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**TOTAAL: 150**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African